## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 3 DESEMBER 2023

# EERSTE SONDAG VAN ADVENT

# GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Almal wie se lewe deur VIGS geraak is***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Markus 1:1-8; Jesaja 40:1-11;**
**Psalm 85:1-2, 8-13; 2 Petrus 3:8-15a**

| SONDAG, 3 DESEMBER | |
|---|---|
| | BIDDAG IN AANSLUITING BY WêRELDVIGSDAG |
| 09:00 | Oggenddiens – Ds Hannes Burger<br>Doop<br>Deuroffer ten bate van: Christen-Vigsburo SA<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman |
| GEEN | Kleuterkerk |
| 09:00 | Kinderkerk |
| • | **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens – Afsluiting |
| GEEN | **Gemeentetee** |
| **MAANDAG, 4 DESEMBER** | |
| | |
| **DINSDAG, 5 DESEMBER** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie – Afsluiting |
| **WOENSDAG, 6 DESEMBER** | |
| 09:30 | Othello Biduur |
| **DONDERDAG, 7 DESEMBER** | |
| 09:30 | Dienssentrum vir Seniors |
| Sopbeurte: | Wena Janse van Rensburg, Elmari Schwenke-vd Walt, Sybil Smit, Dotjie Steyn, Maranda vd Merwe, Etetia Conradie |

| VRYDAG, 8 DESEMBER | |
|---|---|
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 9 DESEMBER** | |
| | |
| **SONDAG, 10 DESEMBER** | |
| | TWEEDE SONDAG VAN ADVENT |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Doop<br>Deuroffer ten bate van: Christelike Lektuur Fonds<br>Erediensspan 3 – Neels |
| GEEN | Kleuterkerk |
| 09:00 | Kinderkerk – Afsluiting |
| • | **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS



1. Johan en Martie Joubert (Othello) vier vandag hul 63ste huweliksherdenking.
2. Louis Hurter (Othello) het 'n operasie ondergaan.
3. Kallie Pauw (Gladiolistraat) ondergaan Maandag 'n operasie.
4. George Loots (Skoolstraat) het 'n draai in die hospitaal gemaak.
5. Kirsten Small (oudlidmaat) is gelegitimeer en volwaardig proponent! Kirsten preek Sondag 17 Desember 2023 hier in De Eike. Ons is saam met haar ouers baie trots op haar.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

03/12 Babie Vlok(89), Suna Kruger, Rolanda Hugo, Jaco van der Merwe, Marita Koen, Anneke de Bod, Janica Hagen, Liam Ladewig, Stefan Rossouw, Kobus Loots
04/12 Elaine Smith, Mariana Wilders, Johan van Rensburg, Francois de Kock, Marius Engels, Heinrich Buhr
05/12 Estelle Jooste
06/12 Edward Schäfer, Jandré du Raan, Surina Viljoen, Anita du Preez(91), Tina Theron
08/12 Gerhard Botha, Jan van Jaarsveld(85), Bertha Schreuder, Le Grange Saayman, Martie van Wyk
09/12 Clayton van Zyl, Nico Nel



# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**CHRISTEN-VIGSBURO SA**

Die Christen-Vigsburo vir Suidelike Afrika te Hugenote Kollege (CABSA) is in Julie 2001 gestig met die duidelike visie en missie om kerke en geloofsgemeenskappe in hulle respons op MIV en vigs te begelei deur voorsiening van inligting, sensitisering, mobilisering en die bevordering van netwerke.  So word die visie van 'n versorgende Christengemeenskap wat hoop en versoening bied aan mense wat met MIV en vigs leef en direk daardeur geaffekteer word, nagestreef.

Vir meer inligting oor hul werksaamhede, besoek hul webwerf www.cabsa.org.za.
Telefoon:  021 873 0028

# SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.



Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed.
Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R45                10sakke @ R23

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.

# NUUS VANUIT DIE KERKRAADSVERGADERING

- Tydens die kerkraadsvergadering van 22 November 2023 is die volgende lidmaat gekies tot die kerkraad:
  - Blokleier – Wsg 1: Theunis Kotze
  - Blokleier – Wsg 4: Mattheus Kühn
  - Erediensspanleier 4: Robert Rootman
  - Voorsitter UK: Maartin Oliver
  - Onder voorsitter UK: Piet Rootman

# KLERE EN VERE

***Baie dankie vir jou ondersteuning*** van hierdie projek van die Getuieniskommissie.

Vir oulaas vanjaar stuur ons 'n mooi vraggie klere en vere na Merweville.
Ons kon ook vir Helpende Hand help!

Geniet 'n geseënde Kersgety en dink aan ons wanneer jy kaste regpak.

Groetnis
2 Vere

# ADVENTSANGDIENS

Adventsangdiens by NGK Kuilsrivier, Voortrekkerweg 51

3 Desember om 19:30

Jy is ook welkom om na afloop van die diens in die kerksaal saam te kom kuier.

# AKSIE SAMARITAAN

Kersfees Projek

Die sopkombuis sluit vanaf 17 Desember 2023 tot 8 Januarie 2024. Op 17 Desember het ons die Kersfees afsluiting waar ons kospakkies en 'n bederfie uitdeel saam met 'n ete. Die kospakkies moet ons kliënte help deur die 3 weke wat ons gesluit is. Ons gee ook geskenkies vir die kinders. Om dit alles moontlik te maak kort ons die volgende:

Algemeen:

| | |
|---|---|
| Kontant bydraes vir kospakkies | |
| 200 Hoender boudjies/dytjies | 200 Botteltjies koeldrank |
| 200 Sjokolade stafies | 5 Pakke skroefnoedels |
| 5 Potte "Nola" Mayonnaise | |
| 180 Waslappe | 180 Koekies seep |
| 200 Buisies tandepaste | 180 Tandeborsels |
| 70 Blikkies mans deodorant | 70 Blikkies dames deodorant |

Kinders:

| | |
|---|---|
| 32 Skool rugsakke | 40 buisies pritt of soortgelyk |
| Kontant bydraes vir geskenkies | |

Kontak vir Jakkie by 082 453 3862 indien jy enige bydrae kan maak of bankbesonderhede benodig.

Mag God jou ryklik seen!

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

***Baie dankie*** dat jy deur die loop van vanjaar gehelp het om De Eike se spens /Die Kosmandjie of ons beursie vol te hou.

Wees verseker dat jy 'n verskil gemaak het vir iemand wat soms verleë en moedeloos of bekommerd was.

Dis 'n liefdesdaad wat ook inspireer.

Mag jy 'n heerlike blaaskans geniet en jou mandjie vol vreugde en liefde bly!

Mandjie-groete

# TIENDEMAANDDANKOFFERINSAMELING

Baie dankie aan almal wat reeds hul bydrae gegee het.

Tot dusver is R285 811.75 ontvang teenoor verlede jaar se R327 615.00.
Ons doewit vanjaar is R350 000.00.

Bydraes kan steeds in die kollektemandjies geplaas word of per EFT betaal word.

**BANKBESONDERHEDE:**
ABSA BANK, Kuilsrivier tak
Takkode: 63 2005
Rekening nr: 3010 59 0069
Verwysing: Tiendemaand

# STERLIG GESKENKE MARK

Kuilsrivier-Suid Sterlig Geskenke Mark

24 November – 9 Desember

Weeksdae 10:00 - 19:00

Saterdae 10:00 – 15:00

Sondae gesluit

Kom koop jou geskenke hier

Baie stalletjies, lekker eetgoed

Familie en Vriende kom bymekaar

# STERLIG AANDE

Kuilsrivier-Suid Liggie Aande

3 en 8 Desember

19:00 – 22:00

Families & Vriende kom ontspan

Kyk liggies & eet iets lekker

# PREEKSKETS

## TEMA – 'n WAKKER KERSFEES



Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Markus 13:24-37

Alles wys ons is baie sterk op pad Kersfees toe!
- Vandaar vanoggend die kers van hoop...
- Dit kom na wat in baie opsigte 'n nagmerrie-jaar was...
- Dis hoekom ons mekaar moet herinner aan die babatjie in die krip...

1. **Miskien moet ons nuut dink oor Kersfees...**
   - Baie mense sien Kersfees as die hoogtepunt van die verhaal.
   - Maar dis nie die einde nie – dis eerder die begin!
   - Die eerste Advent wat ons vier, was wonderlik – maar voorlopig.
   - Die eintlike Advent kom nog!
   - Kersfees kyk daarom vorentoe, na sy tweede koms.

2. **Daar word hier vir ons twee goed gesê van die tweede Advent**:
   - Jesus sê hier vir ons net twee goed oor die tweede Advent:

   2.1. Dit gaan *totaal* onverwags wees:
   2.2. Die tekens daarvan is reeds daar... :

3. **En tog gaan ons deur dit alles heen, Kersfees hou...**
   - Wat het dit alles met Kersfees te doen?
   - Ons word opgeroep om Kersfees te vier soos mense wat <u>waaksaam</u> is!
   - En hoe lyk hulle? Soos hulle Here...